Vriend

LES 2: BETROUBAARHEID

DOEL: Om te verduidelik dat vriendskap ook uit betroubaarheid bestaan en dat die begin van alle betroubaarheid lê in God se getrouheid/ betroubaarheid teenoor ons.

HULPMIDDELS:

- 6 rou eiers
- Knoop en Pritt
- Magneet
- Beskuitdeksel/area waarop 'n magneet sal klou

INLEIDING:

Gee vir ses kinders elkeen 'n eier met die opdrag om dit met hulle lewe op te pas. Dit mag om geen omstandighede breek nie en hulle moet dit heeltyd vashou (mag dit nie iewers neersit nie).

Speel met almal die speletjie: Vrugteslaai. Dit werk so: Kies 4 vrugtename bv. piesangs, pere, perskes, pynappels. Ken 'n vrugnaam aan elkeen toe (jy moet ook 'n vrugnaam hê). Met die uitroep van die vrug se naam moet almal wat daardie vrugnaam is stoele ruil, maar jy gaan ook op een stoel sit. Die een wat oorbly sonder 'n stoel, moet dan weer die "slaaimaker" wees. Wanneer vrugtelsaai uitgeroep word dan moet die hele groep van stoel verwissel. (indien jy nie stoele het nie kan jy klippe of papiere gebruik om die plekke aan te dui)

Nadat dit vir 'n tydjie gespeel is roep die kinders met die eiers vorentoe en kyk wie se eiers is nog heel. Hulle het die beginsel van betroubaarheid gewys. Betroubaar teenoor die eiers.

BYBELSTEKS:

Lees 1 Samuel 19:1-7

LES:

Nadat Dawid vir Goliat doodgemaak het, het die mense gesing: Saul het mense by die duisende doodgemaak, maar Dawid het mense by die tienduisende doodgemaak!! Toe Saul dit gehoor het, het hy baie jaloers op Dawid geword.

Dawid en Jonatan was baie goeie vriende gewees. Toe Jonathan gehoor het sy pa, koning Saul, beplan om Dawid dood te maak het hy sy goeie vriend gaan waarsku. Nadat Jonatan met sy pa gepraat het oor Dawid, het Saul vir eers van plan verander. Dawid se lewe was vir eers nie meer in gevaar nie, en hy het voortgegaan om Saul te dien en harp te speel vir hom. Toe daar weer oorlog uitgebreek het, het Dawid gaan veg. Dawid-hulle het die oorlog gewen en die vyande het voor hulle uitgehardloop.

Omdat Jonatan 'n betroubare vriend vir Dawid was, het hy eers vir Dawid gewaarsku oor die planne teen hom en toe ook nog vir sy lewe gepleit by sy pa, koning Saul.

TOEPASSING:

Jy kry 2 tipies vriendskap- mooi-weers-vriende en ware vriende.

- Mooi-weers-vriende is as jy net 'n vriend van iemand is as dit lekker is/ goed gaan.
- Ware vriende is vriende deur dik en dun. Ware vriende is betroubaar.

Die verskil tussen ware vriende en mooi-weers-vriende is die verskil tussen gom en magnete.

METODE:

1. Plak 'n knoop met Pritt, nie die ekstra sterk tipe nie, teen yster vas. – Jy kan 'n beskuitblik deksel van yster gebruik. Plaas ook 'n stukkie magneet teen die deksel. Skud nou die deksel totdat die knoop afval.

Gom klou net tydelik. As dit droog raak of oud is plak dit nie meer so goed nie.

Magnete klou altyd.

ALTERNATIEF:

Plak twee verskillende velle gekleurde papier teen mekaar. Dis soos vriendskap. Jy is vasgeplak opmekaar. Trek nou die papier van mekaar af. En wys vir die kinders dat die velle opmekaar afgegee het. Vriendskap gee af op mekaar, beïnvloed mekaar.

AKTIWITEIT:

1. Uitdeelstuk - hartjies 'maze'

Skryf 3 maatjies se name bo in en jou naam onder. Verbind die paadjies van die vriende tot by jou. Skryf onder: Ek staan altyd by my vriende.

2. Maak yskas magnete met die woorde: God is betroubaar. (Die meeste "crafts" winkels het goedkoop magneet velle wat jy kan opknip)
Onthou: Ons kernvers: Die Here was by Dawid. Alle betroubaarheid kom van God se betroubaarheid aan ons.

3. Knip die ketting mannetjies uit wat die kinders herinner dat God aan ons verbind is.(Metode: Vou die prentjie van die twee maatjies in die middel. Knip die maatjies reg rondom uit, maar moenie die handjies op die vou deurknip nie – so bly die maatjies aanmekaar vas)

Bron: Prentjies geneem uit die Steps les-reeks oor vriendskap

VOU